Publication: Beeld,Daily - Kuns&Vermaak
Title: Onthou skyn soos lig deur
Publish date: 28 Sep 2021
Page: 14

Reach: 35934
AVE: R 141195.38
Author: Johan Myburg
Part: 1 of 1

'SUBSTANCE OF SHADOWS'

Onthou skyn soos lig deur

Herinneringe armoedige, verwronge kopieë van ervaring

Ons herinneringe is grootliks versinsel en dit verander die hele tyd. In sy jongste tentoonstelling, *Substance of Shadows*, bekyk Paul Emmanuel die aard van ons onthou. Johan Myburg het gaan kyk.

***Scholar, 2021* – handgekrapte, geperforeerde koolpapier, koolstofdraad en koolstofresidu.** Foto: JAN POTGIETER

Daar is 'n verskil tussen 'n ervaring en die merk wat die ervaring laat. Namate die ervaring vervaag, is dit die sintuiglike merk wat die ervaring lewend hou. Soos met 'n foto in 'n album wat mettertyd die oorhand kry oor die oomblik toe dit geneem is, raak die merk of indruk of die manifestering van die oomblik mettertyd meer dominant.

Dié primaat van die sintuiglike indruk is iets wat Paul Emmanuel as kunstenaar boei en wat hy in sy kuns verreken – of dit nou die name is van gesneuweldes wat oorgebly het lank nadat die oorlog verby is (*The Lost Men*, 'n voortgaande projek sedert 2004), en of dit die skaduwees van Hirosjima is – byvoorbeeld die skaduwee van 'n man wat op die oomblik van die atoombom-ontploffing in 1945 op 'n trap agtergelaat is.

Die Hirosjima-skaduwees was as't ware die vonk vir Emmanuel se jongste uitstalling, *Substance of Shadows*, 'n uitstalling waarin hy nie net die onthou-aspek van die nagelate merk ondersoek nie, maar ook bevraagteken.

"Ons klou aan ons herinneringe in die hoop dat dit dalk koherensie en kontinuïteit kan bied," merk Emmanuel op in sy meegaande aantekeninge vir dié uitstalling, "maar ons herinneringe is grootliks versinsel en dit verander mettertyd. Wat ons doen is om ons vermeende verlede te gedenk met die oog daarop om dit te (be)vestig in die hede."

Emmanuel se slotsom is dat ons onthou van dinge armoedige, verwronge, sentimentele en bygelowige kopieë is van die ervaring. Aan dié opvatting gee hy gestalte in die vorm van kunswerke op deurslagpapier, die indertydse manier om kopieë van dokumente te maak.

Op dun velle koolpapier, die grootste werk (*Carbon Dad, 2017*) 'n tamaaie 1 100 x 4 400 mm, krap Emmanuel met 'n lemmetjie sy figure uit. Benewens dié dubbelportret – met verwysings na die Kleed van Turyn – bied hy ook 'n selfportret (*Self Portrait, 2015*), twee voete hangend in 'n leë ruim.

Met die einste koolpapier verbeeld hy epoulette, medaljes, regalia en heraldiese wapens, en fatsoeneer hy uitrustings as aanduiding van manlikheid – soos 'n kleurbaadjie van lourier voorsien en die baadjie van 'n pak klere wat deursigtig dun gedra is (*Scholar* en *Executive, 2021*).

In die broosheid van dié werke – die geringste bries sou die baadjies se pante laat flap en die hopie koolstof op die vloer laat warrel – word vooropgestelde opvattings van manlikheid, 'n tema wat soos 'n goue draad deur Emmanuel se werk loop, bevraagteken.

***Self Portrait, 2015*, handgekrapte, geperforeerde koolpapier, koolstofdraad, koolstofresidu (1 100 x 630 mm).** Foto: JAN POTGIETER

Waarskynlik is *Carbon Dad* Emmanuel se intiemste verkenning van manlikheid nóg. Nie net omdat hy ontboesemende fotomateriaal van sy 93-jarige pa gebruik nie, maar omdat die ure se krapwerk, die noukeurige merke maak, 'n manier word om weer toegang te kry tot ervaring – lank ná sy pa se dood.

"Elke enkele krapmerk het meer van die koolstof verwyder, amper soos 'n relik wat gepoets word deur die aanraking van toegewyde pelgrims se hande," skryf Emmanuel.

In die maak van die werk, 'n tydsame, meditatiewe proses, dikwels ook knielend om nader aan die grootformaat-velle te kom, word die merk toegang tot ervaring, die onthou van die mens wie sy pa was. Maar ook van die mens wat Emmanuel self geword het en is.

Besoek movingcube.uj.ac.za/watch/cureproject/cure-paul-emmanuel vir 'n kort video oor dié werk.

Rising-Falling (2021), 'n videowerk wat deel is van dié uitstalling, skuif die fokus van die individuele onthou na die manier waarop 'n gemeenskap sy geskiedenis onthou, en veral hoe getorring aan dié manier van onthou kan lei tot uitsluiting.

Emmanuel speel met die woorde "remember" en "dismember" wanneer hy in *Rising-Falling* gebruik maak van 'n vroeër werk, *Remember-Dismember* (2015), wat teen die standbeeld van genl. Louis Botha voor die Uniegebou geprojekteer word.

Diafaan is die woord wat 'n mens bybly in dié uitstalling met werke wat driedimensioneel, asof relikte, van die galery se plafon loop. Jy kan van al kante die werk bekyk, en ook daardeur sien, maar diafaan sou in dié konteks werk. Emmanuel se werk en sy aanpak en sy besinning is só fyn en teer dat die lig van alternatiewe verstaan van onthou én van die ervaring soos lig deurskyn.

■ Tot 2 Oktober in die Universiteit van Johannesburg se kunsgalery. Die werk is te sien op Woensdae van 09:00 tot 15:00 per afspraak. Saterdag is daar om 10:30 'n rondleiding deur die kunstenaar vir groepe van tien. Bespreek by 011 559 2099. Besoek ook movingcube.uj.ac.za/exhibitions.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.